Anri Viljoen

As jy nie ‘n onderwyser was nie, wat sou jy wou doen??
óf Argeoloog of óf Fotograaf

Wat staan in jou gedagtes die meeste uit, in jou tyd as onderwyser?
Wanneer óf kind in jou klas op die sportveld of op die speelgrond respek, goeie maniere en etiket teenoor ander toon.

Hoe lank gee jy al skool, en waar anders het jy onderrig?
Dit is my sesde jaar by Kenridge. Ek het hier begin en sal hier eindig.

Wat sal jy graag in ons skool/skoolgee wil verander?
NIKS!

Watter Laerskool en Hoërskool het jy bygewoon?
Ek is gebore in Port Elizabeth en was in Laerskool Charlo en Hoërskool Framesby

Hoe ontspan jy?
Ek lees, speel sport en kuier saam met vriende**.**

Watter sport hou jy van om te speel of te kyk?
Ek speel tennis en verder is ek MAL oor F1. Ferrari!!!!!

Watter musiek hou jy van?
Enige iets met ritme.

Wat is jou gunsteling kossoort, en watter restaurant besoek jy gereeld?
Ek is dol oor eet. Enige pitza, braaivleis en natuurlik NACHOS. Dis my dood!

Het jy troeteldiere, en as jy het, watter soort?
Ek het die mooiste Jack Russell. Sy naam is Lager.

Wie is jou rolmodel?
Ek het nie regtig een nie. Maar in die daaglikse lewe het ek ongelooflike respek vir ouers wat voltyds werk en nogsteeds uit hul pad gaan om ekstra tyd te maak vir hul kinders.

Watter leerarea geniet jy die meeste om te onderrig?
Lewensoriëntering

As die skool sou aanbied om vir jou op ‘n reis enige plek in die wêreld te stuur, waarheen sou jy gaan?
Egipte (en al die ander Afrika lande), Spanje, Mexico, Italië, Australië, ag ñokayò ORALS en ENIGE PLEK!